# 29 September 2023 - Lesing 140 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Waar kom die bose vandaan? **–** 11/6/60

**NO: 7618a** Julle kan nie die onmeetlike verwydering in sy totale diepte besef waarin **die eerste gevalle gees, (Lucifer)** homself begewe het, deur sy weerstand teen My, sy God en Skepper van die Ewigheid nie.

Hy het My ontken, hy het in die volheid van lig gestaan wat elke gebrekkigheid van sy insig uitgesluit het. Hy het deur ewighede heen die bewys van My Liefde en Krag ontvang. **Hy het geweet dat hy van My uitgegaan het, dat hy uit My voortgekom het**. Hy was onmeetlik geluksalig in die ontvangs van die krag van My Liefde en hy het hierdie krag **na eie goeddunke** gebruik, wat sy geluksaligheid steeds weer verhoog het en tog het hy My verlaat.

Hy het in opstand gekom teen My, hy het My Liefde afgewys en in bodemlose dieptes gestort, hy het My teenpool geword, hy, wat Ek eens geskape het as My ewebeeld.

En nou sal julle mense die vraag stel, hoe dit wel moontlik was, dat daar uit hierdie eerste wese, die ligdraer wat tog volmaak was, iets onvolmaak kon voortkom, aangesien daar niks onvolmaak uit My kan kom nie.

Hierdie vraag is slegs so te beantwoord: Die volmaakte het ook geen begrensing, geen beperking geken nie, dat hy homself na alle rigtings heen kon ontwikkel sonder om daarin gehinder te word. **En by volmaaktheid behoort die vrye wil onvoorwaardelik**.

By volmaaktheid hoort alles wat die korrekte maat het en dit beteken egter ook **dat die vrye wil die maat kan oorskry,** dat die wetlike ordening daardeur omvêrgegooi kan word. Die wetlike ordening is die regmatige maat in alle dinge. Wanneer die vrye wil nou van die regmatige maat afwyk, ontstaan daar ook **wanorde**, 'n toestand wat nie meer met My Wil, met My ewige orde ooreenstem nie.

Iets oorspronklik goddelik, iets goeds, het dus in iets ongoddelik verander, in **iets wat teenoorgesteld is aan God. En dit is die begrip "sonde".** Om die korrekte maat te kan oorskry, moet egter moontlik wees, omdat die vrye wil andersins nie in werking sou kon gestel word nie, wat egter ewegoed in die ewige orde kan bly.

Dit is nou wel moontlik dat 'n deur My geskape wese verkeerd kan dink en wil, omdat hy hierdie wilsvryheid besit. Hy word egter nooit deur Myself tot die verkeerde denke en wil aangespoor nie, omdat so-iets onmoontlik sou wees, **dat Ek as die mees volmaakte Wese ooit 'n verkeerde gedagte sou kon hê**, dus is die veronderstelling vals dat Ek ook die bose in My het.

Ook hulle wat deur My, buite My Wese geplaas was, **het nie die bose in hulself gehad toe Ek hulle geskep het nie.** Alles was in passende mate aanwesig, sodat hulle nie moes val nie. Maar omdat die denke en wil van die volmaakte sonder beperking was, kon hulle ook die regmatige maat oorskry, **hulle kon in hulself opgaan en uit die ewige ordening tree**.

Hierdie geestelike verwarring van die wese kon egter eers plaasgevind het toe hy homself van My afgewend het, **toe hy dus verhinder het dat My Woord in hom weerklink,** - want My Woord kon niks anders gee en verlang as wat **volmaak** is nie.

My Woord sou die wese nooit aanleiding gegee het om uit My ewige ordening te tree nie. Dog sodra die verbintenis met My losgemaak was en die wese nie meer na My stem geluister het nie, kon hy dan ook in 'n verkeerde rigting dink en wil, omdat hierdie moontlikheid hom vrygestaan het **op grond van die keuse van sy wil.**

Maar die "sonde" was altyd die verkeerde wil buite My, Wie altyd slegs vanuit die regmatige ordening kon dink en wil. Ekself was volmaak! Ek het volmaakte wesens geskep en hulle het volmaak gebly **solank hulle die band met My instandgehou het**, wat hulle egter ook kon verbreek, as teken dat hulle 'n vrye wil besit het. Die band met My waarborg 'n korrekte denke en wil. Die losmaking van My het 'n verkeerde denke en wil tot gevolg gehad, **want die wese het nou na iets gestreef wat "buite My staan".**

**Lucifer "die ligdraer", het homself in My plek gestel**, ofskoon hy insig gehad het dat Ek die Oerbron is. En die uit "ons" voortgekomde wesens **het Lucifer in My plek gestel,** hoewel ook hulle die lig van insig gehad het.

Sodoende het hulle met hulle wil die breuk met My voltrek en het hulself **nou nie meer in die korrekte ordening bevind nie**. Daar was in hulle nie meer die korrekte maat nie, veeleer **het die negatiewe oorheers,** terwyl die positiewe in die regmatige ordening oorheers, of anders gesê: Die volmaaktheid het verlore gegaan en daar het as onvolmaak voortgekom uit hierdie verandering van wil, wat homself op negatiewe wyse geuiter het en hulle dus **steeds vêrder van My verwyder het**.

As iets "buite My staan" dan het hy homself ook buite die regmatige ordening begewe, omdat in My, as die volmaakste Wese, ook slegs die regmatige ordening kan wees en omdat alles wat nie met hierdie ordening ooreenkom nie boos, dus sonde is.

En so word hierdie vraag vanself beantwoord: Of Ek die bose in My dra. **In My kan niks boos wees nie, omdat Ek andersins nie volmaak sou gewees het nie**.

En kwaad of boosheid is altyd dit, wat hierdie volmaaktheid laat vaar en elke regmatige maat verdraai, **dus die ewige ordening omvêrgooi, wat die grondbeginsel van My Wese is.**

Ek moes egter elke wese die vrye wil as bewys van sy goddelikheid gee en hy moes die moontlikheid hê om dit na alle rigtings te keer. **En so het die wese (Lucifer) self die bose geskep toe hy aan My ontrou geword het, toe hy homself verwyder het van My en die ewige ordening verlaat het, toe hy sy krag op negatiewe wyse teen My wou gebruik**.

En terwille van My laaste doel, naamlik dat My skepsele "kinders" kon word, het Ek die wese nie verhinder nie. Maar hy kon ewegoed by My gebly het.

Hy hoef nie sondig te geword het en te geval het nie; hy kon volmaak gebly het, in vrye wil en die hoogste geluksaligheid geniet het, wat hy egter vrywillig verspeel het. Amein.